**17 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 28:1-10**
**Fokusgedeelte: Handelinge 28:8**

## Bid voor jy doen

In Handelinge 28 lees ons die geskiedenis van hoe Paulus per skip na die keiser in Rome vir sy verhoor vervoer word, en hoe die skip in 'n hewige storm beland en uiteindelik op Malta gestrand het. Hier pik 'n slang vir Paulus, maar wonderbaarlik kom hy niks oor nie.

Paulus het gehoor dat Publius, die hoof van die eiland, se pa baie siek was aan maagkoors. "Paulus het na hom toe gegaan, *en nadat hy gebid het*, het hy hom die hande opgelê en hom gesond gemaak" (:8).

Paulus pak nie hierdie taak aan voordat hy nie gebid het nie. Hy sien die siekte van Publius se pa as 'n uitstekende sendinggeleentheid. Daarom bid hy eers en dan maak hy Publius se pa gesond. Wat is die gevolg van Paulus se gebed? Genesing! Dit is natuurlik 'n wonderwerk. Maar ook: "Na hierdie voorval het ook die ander siekes na Paulus toe gekom, en hy het hulle gesond gemaak" (:9). So het die mense van die eiland Malta besef: God is hier aan die werk!

Bid vir die volgende:

- Dat ons ook in krisisse eers sal bid voor ons optree.
- Dat ons bereid sal wees om te gaan na die plekke waar daar nood is en dat ons daar sal bid.
- Dat ander ook deur ons gebede en optrede sal besef: God is steeds besig om onder ons te werk.
- Dat ons bewus sal wees daarvan dat ander mense deur ons gebede, veral ook in krisisse, beïnvloed word.

*Sing: Psalm 121:1, 2 (1936)*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*